

# Verskillende perspektiewe op die belang van vryheid van spraak

## VOORWOORD

### Waarom 'n spesiale temanommer oor vryheid van spraak?

Die belang van vryheid van spraak, en daarmee saam die vryheid van die media as 'n hoeksteen van die demokrasie, word selde bevraagten. Tog word hierdie vryheid voortdurend bedreig en/of misbruik. 'n Mens hoef maar net na die webbladsye van 'n aantal menseregte-organisasies en verenigings van joernaliste te kyk om 'n goeie indruk te kry van hoe hierdie vryheid daaglik geskend word en hoe selfs die lewens van joernaliste daaglik bedreig word. Owerhede en groepe wat nie van die waarheid hou nie of nie daarvan hou dat hul wandade openbaar word nie, is die groot oortreders. Besoek maar net die webwerwe van die Global Federation of Journalists, die Global Campaign for Free Expression (Article 19) en Unesco se webwerwe oor persvryheid om 'n oorsig te kry van meestal skrikwekkende beelde oor die inperking van vryheid van spraak regoor die wêreld.

Hoewel ons in Suid-Afrika 'n gerustheid mag hê dat vryheid van spraak en die vryheid van die media nou vir die eerste keer in die land se Grondwet gewaarborg word, hoef mens maar net na die webwerwe van ons eie Freedom of Expression Institute of dié van die Media Institute of Southern Africa te kyk om te besef hoe hierdie reg van Suid-Afrikaners gereeld bedreig word. Ná die aanvanklike euforie oor demokrasie in Suid-Afrika blyk dit nou, maar al te gou, hoe die owerheid soos die ou apartheidregering(s) 'n gespanne verhouding met die media aan die ontwikkel is en nie huiwer om gevaarlike planne met betrekking tot die regulering en sensuur van die media te koester nie. Die vraag is: Kan 'n jong demokrasie soos Suid-Afrika speletjies met vryheid van spraak en die media bekostig? Dit is 'n vraag wat soveel te meer pertinent word in die konteks van Afrika se jammerlike geskiedenis van die misbruik van vryheid van spraak en van die media.

In weerwil van hierdie bedreiging word daar egter, miskien met die uitsondering van enkele dissiplines soos die kommunikasiekunde, kommunikasie- en mediareg, en waarskynlik ook in die politieke wetenskappe, selde op 'n diepgaande wyse oor vryheid van spraak besin. Daar is dus 'n behoefte, indien nie 'n noodsaak nie, om vanuit 'n aantal dissiplines hierna te kyk. Dit is die doel met hierdie spesiale temanommer van die *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*.

Die eerste drie artikels is vanuit die perspektief van die filosofie en die regsfilosofie geskryf.

### *Vryheid van spraak en taal*

**Fanie de Beer** beklemtoon die plek wat denke en taal as basiese menslike eienskappe in vryheid van spraak speel. Hy sluit aan by Ricoeur as hy argumenteer dat aansprake op vryheid van spraak te dikwels vertrek van die stilswyende aanname dat ons weet waarvan ons praat. So 'n vertrekpunt, skryf hy, kan gevaarlike retoriek afgee. Wat nodig is, is 'n meer diepgaande besinning oor die aard van die mens en dan spesifiek oor die mens se taalvermoë ten einde by 'n meer fenomenologiese verstaan van “vryheid van spraak” uit te kom. Teen die agtergrond van argumente oor taal en denke kom hy tot 'n gevolgtrekking dat vrye spraak altyd deurdagte spraak moet wees. “Enige

ondeurdagte uitspraak kan onheil met groot gemak ontketen. Deurdagte spraak sal dan spraak wees wat geïnspireer word uit die volheid van syn, die rykdomme van betekenis en van geskiedenis, van menswees en veral van menslike saamwees – die ons.”

### *Vryheid van spraak en keuse*

**Danie Strauss** maak weer keuse en die menslike vermoë om te kan kies (wat ook ’n wesentlike essensie van taal en taalgebruik is), spraak en die menslike vermoë om te kan praat (wat eweneens ten nouste met taal saamhang), die essensie van sy interpretasie en verstaan van vryheid van spraak. Argumente hieroor word sistematies deur Strauss uiteengesit om daarmee aan die leser ’n nuwe insig oor die aard en kompleksiteit van vryheid van spraak te bied.

### *Vryheid van spraak en denke*

Waar De Beer en Strauss tot ’n groot mate die klem laat val op taal in ons verstaan en uitdrukking gee aan vryheid van spraak, beklemtoon **Karin van Marle** die rol van denke. Denke bepaal die toelaatbaarheid, moontlikhede en beperkings van vryheid van spraak. In navolging van Hannah Arendt argumenteer sy dat denke sentraal moet wees in besinning oor vryheid van spraak. “Denke is vir Arendt onlosmaaklik gekoppel aan ’n aktiewe politieke sfeer en demokratiese politiek. Die afwesigheid van denke daarteenoor staan sentraal tot totalitarisme.” Van Marle argumenteer dan verder dat liberale regsbenaderings te beperk is om vryheid van spraak bevredigend te kan hanteer. Die reg is te behep met billikheid, legitimiteit, funksionalisme en ekonomiese wins in plaas van met etiese denke om geregtigheid te kan uitwys. Sy skryf:

My argument ten aansien van vryheid van spraak is eenvoudig. Hoe besin mens oor vryheid van spraak, oor dit wat nie en wat wel gesê, gepubliseer of uitgesaai mag word? Menige regsbenaderings faal om ’n bevredigende antwoord te gee. Regsbenaderings is onvoldoende weens ’n behepthed met regsgeldigheid en doeltreffendheid wat om die beurt etiese verhoudings reduceer. Dit is ook onvoldoende omdat die reg vanuit die staanspoor nie die skade wat aangerig of ervaar word, erken nie. Wat in ag geneem moet word, is dat die inherente selfvernietiging van die reg dit onmoontlik maak om enige beskerming te verleen sonder om reeds uit te sluit. Besinning oor hierdie onderwerp is dus onlosmaaklik verbind met denke – wat toegelaat moet word, moet getrou wees aan die etiese aktiwiteit van denke. Dieselfde geld vir watter beperking ook al daarop gehef word.

### *Vryheid van spraak en regte*

Waar die eerste drie artikels vanuit ’n meer filosofiese, politiekfilosofiese en regsfilosofiese perspektief na die onderwerp kyk, bied **Johann Neethling** ’n regswetenskaplike perspektief en fokus hy spesifiek op ’n regsprobleem in die debat oor vryheid van spraak. Dit gaan naamlik oor die verband tussen persoonlikheidsregte (die goeie naam, die eer, die privaatheid en identiteit) en die reg op vryheid van spraak wat dikwels in teenstelling met mekaar staan. Hy gee onder meer aandag aan reëls ten aansien van regverdigheidsgronde ter beskerming van die media asook die media se nalatigheidsaanspreeklikheid weens laster. Neethling kom tot ’n gevolgtrekking dat “alhoewel die gemeenregtelike reëls oënskyklik met die gees, strekking en oogmerke van die grondwetlike Handves van Regte versoenbaar is, moet die howe enige afwyking van die Handves in hierdie opsig sonder versuim regstel”.

### *Op pad terug na strengere regulering?*

In sy artikel wil **Pieter Fourie** waarsku dat Suid-Afrika dalk op pad terug mag wees na die beperkings (streng regulering en sensuur) van die media wat onder apartheid geheers het. Met voorbeelde toon hy aan dat daar ná die aanvanklike euforie oor demokrasie en die waarborg van die vryheid van die media in die Grondwet, kommerwekkende tekens is van 'n verbroekeling in die verhouding tussen die media en die ANC-regering. Hy behandel 'n aantal voorbeelde van optredes en of dreigemente van optredes teen die media wat ten nouste herinner aan die apartheidsregering(s) se optredes teen en houding oor die rol van die media in die samelewing.

### *Vryheid van spraak en vryheid van wil*

In aansluiting by Fourie se artikel, en ter illustrasie van hoe erg dit kan gaan as vryheid van spraak ontken, misken en/of geskend word, herinner Jan-Ad Stemmet die leser vanuit 'n historiese perspektief hoe die apartheidsregering(s) onder die dekmantel van die *Totale Aanslag* en die *Totale Strategie* die media gekniehalter en misbruik het om 'n oningeligte en misleide publiek te skep. Hy eindig deur te skryf dat “vryheid van spraak veronderstel nie slegs die reg tot uitdrukking nie, maar die verantwoordelikheid tot blootstelling aan, selfs konfrontasie met, die slegte. Hieruit spruit katarsis waarvolgens selfstandige besluitneming kan plaasvind. Die opoffering van vryheid van spraak beteken die opoffering van vryheid. Die vrywillige opgee van vryheid van spraak beteken die vrywillige opgee van vrye wil.”

### *Van staatsuitsaaier tot openbare uitsaaier tot staatsuitsaaier*

Nêrens in die media word die reg tot vryheid van spraak bykans op 'n daaglikse basis meer uitgedaag as in die openbare uitsaaiwese nie. In terme van die normatiewe beginsels van die openbare uitsaaiwese roem hierdie soort uitsaaier daarop om sogenaamd onafhanklik te wees van politieke en kommersiële druk en inmenging. Nietemin is dit dié arena waar regerings bykans konstant poog om in te meng en om beheer oor die bestuur daarvan te verkry (in weerwil van wetgewing wat juis die teenoorgestelde waarborg). Byvoorbeeld, tans ervaar ons in Suid-Afrika weer 'n poging om met wetgewing die aanstelling van die SAUK-raad te beïnvloed en te manipuleer. Kortom, die institusionele outonomie van die openbare uitsaaier word voortdurend bedreig en daarmee saam word die openbare uitsaaier se reg tot vryheid van spraak aangetas.

In sy artikel bied **Piet Croucamp** vanuit die perspektief van die politieke wetenskap 'n verduideliking hiervoor. Hy ontleed die rol en funksie van die openbare uitsaaier in Suid-Afrika in die konteks van die nasionale politieke diskoers. Hy argumenteer onder meer dat “die wyse waarop die staat se rol en werking binne die samelewing gedefinieer word, is direk in verhouding met die wyse waarop die openbare uitsaaiwese geformuleer word” en dat “die beginsel van institusionele outonomie teoreties eerder as empiries is”.

### *Vryheid van spraak en joernalistieke praktyk*

Waar De Beer, Strauss en Van Marle die rol van taal in die vryheid van spraak vanuit 'n filosofiese perspektief ondersoek en beklemtoon, illustreer **Herman Wasserman** denke oor die mag van taal met 'n diskoersontleding van Afrikaanse mediaberiggewing en mediakommentaar oor die omstrede Reitzvideo vroeër in 2008 op die kampus van die Universiteit van die Vrystaat. Teen die agtergrond van 'n beskouing oor die ideologie van die hoofstroom Afrikaanse media en hoe

dit moes aanpas ná die val van apartheid, dui hy aan hoe rassisme in die diskoers oor die Reitz-video ontken word met diskursiewe merkers soos vrywarings, versagtende faktore, eufemismes, verskonings, regverdiging, blamering van die slagoffer en omkering. Die doel van die analise is onder meer om te bepaal of dit vir die spreker (berig- en kommentaarskrywers) moontlik is om met "...sulke ontkennings hom/haarself te posisioneer as nierassisties terwyl hy/sy terselfdertyd rasgebaseerde bevoordeling of bevooroordeeling verdedig". Indien wel, watter implikasies het dit vir die Afrikaanse media se hantering van grondwetlike waardes soos vryheid van spraak en menslike waardigheid? Wasserman kom tot die gevolgtrekking dat deur die boodskap 'ons is nie so nie' oor te dra, dit moontlik geword het vir Afrikaanse mediakomentators om rassisme te verplaas of te relativer.

Wat hierdie artikel, sowel as **Lizette Rabe** se artikel oor Rykie van Reenen se skryf- en taalvermoë illustreer, is die mag van taal as 'n ideologiese instrument. Vryheid van spraak sou in die Rabe-artikel geïnterpreteer kon word as die vryheid (en mag) waarvoor 'n joernalis beskik om met vernuftige taalgebruik ook ras, politieke en kulturele taboes te kan aanspreek. Van Reenen, sou 'n mens kon argumenteer, het dit geweet en taal meesterlik gebruik. Dit het haar daartoe in staat gestel om die ras, politieke en kulturele taboes van haar tyd, en waarvan baie joernaliste weggeskram het, te kon hanteer en om daarmee 'n bydrae te kon lewer tot die groei van bevrydende, nuwe en alternatiewe politieke, sosiale en kulturele denke onder haar lesers. Rabe argumenteer dat Van Reenen 'n buitengewone bydrae gelewer het tot die (politieke) vrymaking van Afrikaans.

Met hierdie nege bydraes bied die *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 'n aantal perspektiewe op vryheid van spraak. Wat duidelik na vore kom, is die belang en rol van taal, keuse en denke in vryheid van spraak, asook die gevolge wat die inperking daarvan mag hê vir demokrasie en vir 'n ingeligte, oningeligte, waningeligte publiek. Uiteraard is daar ook ander perspektiewe. Tog bied hierdie nege artikels 'n substansiële vertrekpunt vir 'n verdere bespreking en ondersoek van die onderwerp.

**Gasredakteur: Pieter J Fourie**

Departement Kommunikasiewetenskap

Universiteit van Suid-Afrika

1 November 2008